

# Van die Redaksie

Dit is die *NGTT* se eerste uitgawe van 2002. Dit is 'n voorreg om sewe en twintig artikels van goeie teologiese gehalte aan u te bied. Veertien van hierdie artikels is van 'n algemeen teologiese aard, terwyl dertien toegespits is op die tema “Vryheid van godsdiens onder 'n nuwe konstitusionele bedeling”. Ons is veral ook bly dat daar in hierdie afdeling bydraes verskyn van 'n regter van die Konstitusionele Hof, van professore uit verskillende universiteite se regs fakulteite, asook van predikante en teoloë uit 'n hele paar denominasies. Die *NGTT* bied hiermee 'n groeiende biblioteek van artikels oor die verhouding tussen Kerk en Staat in Suid-Afrika en terselfdertyd 'n forum waar hierdie baie belangrike saak bespreek word. Ons vertrou dat hierdie bydraes vir alle betrokkenes van waarde sal wees in ons besinning oor hierdie aangeleentheid.

Onder ons medewerkers verwelkom ons nou vier buitelandse medewerkers, naamlik proff C Breytenbach (Humboldt-Universität zu Berlin en die Universiteit van Stellenbosch), A van de Beek (Vrije Universiteit Amsterdam), J W V van Huyssteen (Princeton Teologiese Seminarium, VSA) en J van Oort (Universiteit van Utrecht, Nederland). Ons vertrou dat u 'n aangename verbintenis met die *NGTT* sal hê. Dankie dat hierdie tydskrif ook deur u bekwaamheid en kennis sy vleuels en vlug nog verder kan spreid.

Die *NGTT* bevat ook die intreeredes van proff J C Adonis, H Russel Botman en D J Smit aan die Universiteit van Stellenbosch. Ons wens graag hierdie kollegas geluk met hulle redes en bedank hulle vir die bydrae wat hulle daarmee lewer tot die beoefening en uitbouing van teologie in Suid-Afrika. Dan is daar ook die artikel van prof Jaap Durand wat hy as ereprofessor aan die Fakulteit Teologie op Stellenbosch gelewer het. Al hierdie redes is gedurende 2001 gelewer.

Vanaf die Vrystaatse Universiteit weet ons dat prof Kobus Kellerman gedurende 2001 geëmeriteer het. Prof Kellermann het lang en vrugbare diens op baie terreine in die NG Kerk gelewer. Ons gun hom en sy eggenote 'n aangename emeritaat op Hermanus.

Vier artikels uit ons vorige uitgawe, naamlik dié van Doubell Brand en Sybrand Strauss, T J Pienaar en R M Britz, Johann Theron en P F Theron en P Strauss is tans ook op die godsdiensafdeling van die Afrikaanse literêre webwerf Litnet te lees, waar die debat voortgesit word. Ons verwelkom hierdie samewerking en sit dit graag voort.

Die eggenote van prof D A du Toit, een van ons medewerkers, is tans baie ernstig siek. Ons bid vir hulle as gesin en familie die krag en sterkte van Bo toe.

P Coertzen (Redakteur)  
Fakulteit Teologie  
Universiteit Stellenbosch  
Mei 2002